



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Slakkies verjaar nie deur Anna Emm

Fido die slakkie woon in 'n pragtige tuin. Daar woon baie ander diertjies ook in hierdie tuin, en Fido het sommer baie maatjies. Net verlede week het Maansie Mossie verjaar, en toe is Fido ook na die verjaardagpartytjie genooi. Dit was heerlik! Al die klein diertjies het roomys en blaarballonne gekry.

"Wanneer ek verjaar wil ek ook 'n groot partytjie hou," sê Fido vir sy mamma.

"Slakkies verjaar nie," sê Fido se mamma. "Ons word net so stilletjies en stadigaan ouer en ouer."

Fido is nou sommer baie hartseer. Al die ander dierekindertjies verjaar – die mossies, die muise, die spinnekoppe, die erdwurmpies én die swaeltjies!

"Wanneer verjaar jý dan, Fido?" vra die diertjies heeltyd vir hom. Dan sug Fido skaam en sê: "Slakkies verjaar nie. Nie eens 'n bietjie nie. Glad nie. Nooit nie."

"Maar dis vreeslik!" roep die dieremaatjies uit. Arme Fido. Miskien moet hulle 'n plan maak...

Een middag kom nooi Fido se maatjie, Stian Stokgogga, hom om saam te gaan speel by die watergat teen die muur. Dis lekker warm in die tuin, en die watergat is een van die lekkerste speelplekke vir die klein diertjies en goggatjies. Al met die dun grondpaadjie langs kruip die twee, tot daar onder die digte takke waar die watergat is. En kan jy dit glo? Toe Stian Stokgogga die laaste blare oplig, skree 'n duisend stemmetjies skielik: "Verrassing!"

Verbaas kyk Fido om hom rond. Net waar jy kyk is klein diertjies en dingetjies, en elkeen dra 'n vrolike partytjiehoed op sy koppie. "Is dit dan jou verjaardag, Stian?" vra Fido verbaas. "Ek het nie vir jou 'n presentjie gebring nie..."

"Nee, Fido!" lag Stian Stokgogga. "Die maatjies is hier vir JOU partytjie! Ons was so jammer vir jou oor slakkies nier verjaar nie, dat ons besluit het om elke jaar vir jou 'n NIE-verjaardagpartytjie te hou!"

Fido kan sy oë nie glo nie! Is dit alles vir hom? Daar is tafeltjies met die heerlikste eetgoed, roomys en koeldrank. Daar is 'n hele hoop presentjies vir hom ook! Dit is die wonderlikste verrassing ooit!

En raai bietjie? Toe Fido daardie aan vir sy mamma en pappa vertel van sy NIE-verjaardagpartytjie, en vir hulle al sy geskenkies wys, kyk hulle verbaas na mekaar. Fido se pappa sê: "Wat 'n goeie idee! Ek dink ek wil ook elke jaar 'n NIE-verjaardagpartytjie hou wanneer ek nie verjaar nie."


Sommer gou het al wat 'n slakkie is daarvan gehoor. En dit is dan hoe dit gebeur het dat alle slakkies oral oor die wêreld elke jaar 'n NIE-verjaardagpartytjie hou, terwyl al die ander diertjies elke jaar net gewoonweg verjaar.

**Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)**

Gratis inkleurprentjie:

# Slakkies verjaarsie

illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)